

ST. EDMUND CAMPION

1 DESEMBER

(1540-1588)



Hoewel hy as Katoliek gebore en grootgemaak is, was Engeland onder koningin Elisabet I amptelik 'n Protestantse land en is daar groot druk op die bevolking uitgeoefen om hul rug op die geloof van hul voorouers te draai. As jongman sluit hy dus aan by die Anglikaanse staatskerk en word hy selfs diaken. Sy gewete het hom egter bly pla en hy keer terug na Katolieke geloof en gaan na Rome waar hy by die Jesuïete intree. Hy word priester en keer terug na Engeland waar dit teen dié tyd lewensgevaarlik was vir enige Katolieke priester. Hy bedien die Engelse Katolieke in die geheim maar word op 17 Julie 1581 verraai en na die Toring van Londen gebring. Hy kry die kans om sy geloof af te sweer, maar weier. Hy word verskriklik gefolter en uiteindelik op 1 Desember 1581 by die berugte Tyburne galgpale gehang.